HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 77 van 2026**

22 Junie 2026

Geagte Ouer/Voog

## o. 14-KRIEKETTOER NA PENRYN KOLLEGE, WITRIVIER

Ons sien ongelooflik baie uit na ons opkomende kriekettoer vanaf 28 Junie tot 2 Julie 2026.

**Hiermee die finale reëlings vir die kriekettoer:**

**Vertrekdatum en -tyd:** Ons vertrek Sondag, 28 Junie 2026 om 5:00 vanaf die skool. Pak asseblief vir u seun middagete in of voorsien hom van sakgeld. Seuns kan in gemaklike klere van hulle keuse ry.
**Aankomsdatum en -tyd:** Ons arriveer laatmiddag op 2 Julie 2026. Ons sal laat weet sodra ons vertrek en hoe laat ons terug by die skool verwag kan word.
**Verblyf:** Leerders sal in Penryn Kollege se koshuis oornag. Bring asseblief eie beddegoed (slaapsak/ duvet en kussing) saam.
**Program:** Penryn Kollege voorsien die program en die inligting sal gekommunikeer word sodra dit ontvang word.

**Leerders moet asseblief die volgende pak:**

- Een stel formele skooldrag (skooldas, skoolbaadjie en skoolskoene)
- Kriekettoerusting
- Krieketdrag
- Gemaklike klere
- Oefenklere
- Warm baadjie
- Skoolsweetpak
- Toiletware
- Beddegoed
- Badhanddoek en swemhanddoek

- Ander gemaklike skoene soos tekkies/plakkies (Geen *CROCS* en plakkies mag saam met sportdrag gedra word nie, net saam met gewone drag.)
- Sakgeld: Leerders kan 'n bankkaart of kontant saamneem.

Vriendelike Randjiegroete,

Z. Coetzer
Krieketafrigter

P. Booysen
Skoolhoof